# Werking van die Suid-Afrikaanse Graan en Oliesade Vraag en Aanbod Projeksiekomitee onder die loep

**CHRISTO JOUBERT,** Nasionale Landbou Bemarkingsraad

Gesien in die lig van die belangrikheid van voedselsekerheid, onbestendige graanpryse en onvoldoende inligting aangaande toekomstige voorraadvlakke, het Graan SA en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Graan- en Oliesadehandelaars (SACOTA) ooreengekom dat daar 'n spesifieke behoefte vir inligting met betrekking tot bogenoemde bestaan.

Daar is 'n behoefte vir 'n amptelike vraag en aanbod-projeksie vir graan en oliesadegewasse, naamlik wit- en geelmielies, koring, sonneblom, sojabone en sorghum.

Bogenoemde behoefte het gelei tot die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Graan en Oliesade Vraag en Aanbod Projeksie Komitee (V&APK). Die eerste amptelike vraag en aanbod-projeksieverslag is aan die einde van Junie 2013 gepubliseer. Die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR) huisves die inisiatief en is verantwoordelik vir die funksionering van die komitee.

## Agtergrond

Graan SA het in 2011 aansoek gedoen vir die instelling van 'n statutêre maatreël vir die rapportering deur graanhandelaars tydens die sluit van in- en uitvoerkontrakte. Soortgelyke praktyke word algemeen in die VSA gebruik.

Die aansoek is teengestaan deur SACOTA. Met verdere samespreking is 'n Vraag en Aanbod Projeksie Skakelingskomitee (V&APSK) op die been gebring. Die komitee het ten doel gehad om 'n middeweg te vind sonder statutêre inmenging. Die volgende voorstel is ter tafel gelê: "'n Onafhanklike komitee moet op die been gebring word om vraag en aanbod-projeksies te doen."

Die komitee is die Vraag en Aanbod Projeksie Komitee (V&APK) genoem. Hul primêre doelwit is om op 'n maandelikse basis 'n vraag en aanbod-projeksie van graan en oliesade vir Suid-Afrika te doen.

Bogenoemde vind plaas deur middel van:

- Inligting aangaande in- en uitvoer en verbruik wat ingesamel word deur 'n beampte van die NLBR. Die inligting word verwerk en op 'n spesifieke wyse gerapporteer tydens die V&APK-vergaderings, sonder om die bron van inligting (in hierdie geval die handelaar) te identifiseer.
- Historiese syfers van die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) word in berekening gebring en ook geëkstrapoleer indien nodig.
- Die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) se inligting aangaande die oesskatting word ook in berekening gebring in terme van aanbod/produksie.
- Op grond van bogenoemde maak die komitee 'n amptelike projeksie van graan- en oliesadevoorrade vir 'n spesifieke bemarkingsjaar.

## Werking en publikasiedatums

Elke V&APK-vergadering vind maandelikse plaas; ongeveer drie tot ses werksdae ná die NOK se vergadering. Hierdie vergaderings word gehou op 'n *lock down* beginsel. Tydens die vergadering word vraag en aanbod-projeksies gedoen en 'n verslag opgestel. Ná aftekening van die voorsitter, word die verslag op die webwerf van die NLBR gepubliseer. Die V&APK is by geen magte om enige aanbevelings aangaande prys te doen nie. Die komitee rapporteer direk aan die V&APSK.

Die publikasietyd vir die verslae is tussen 12:00 en 16:00 op dieselfde dag van die vergadering.

Publikasiedatums vir 2014 is soos volg:

- 31 Januarie 2014
- 4 Maart 2014
- 1 April 2014
- 30 April 2014
- 30 Mei 2014
- 1 Julie 2014
- 1 Augustus 2014
- 2 September 2014
- 3 Oktober 2014
- 31 Oktober 2014
- 28 November 2014

Verslae is beskikbaar by *http://www.namc.co.za/pages/research--publications/publications/supply--demand-estimates.*

## Mededingendheidskwessies

Die NLBR het op 16 Augustus 2012 'n opinie vanaf die Mededingingskommissie versoek aangaande die voorneme om die inisiatief in terme van die Bemarking van Landbou Produkte, Wet 47 van 1996 (die MAP Wet) te implementeer.

Aangaande die wetgewing op die uitruil van inligting is dit belangrik dat die Mededingingskommissie 'n opinie lewer in terme van die wettigheid van die inisiatief. Die uitslag van die opinie was gunstig, maar met sekere voorwaardes.

Die slotopmerkings van die Mededingingskommissie op 8 Maart verlede jaar was soos volg: *"The Commission is concerned that unintended outcomes of the proposed exchange may be price stability coupled with price increases, due to co-ordination, or increased price volatility due to increased manipulation of the market by traders through the exchange. However measures such as the implementation of a review to check for bias and assuring the independence of the S&DEC may lessen the risk of manipulation.*

*"In view of the above and having regard to the information exchange framework already in place within the market, the Commission does not anticipate that the proposed exchange is likely to result in a substantial lessening of competition.*

*"Kindly note that this opinion is provided entirely on the basis of the information provided to the Commission, in order to provide guidance for compliance with the Act. It is not binding on the*

*Commission or the parties requesting it. Should the information provide for purposes of this opinion change, this opinion shall not apply to such changed facts."*

## Samestelling van die komitee

Die V&APK is soos volg saamgestel:

- Drie onafhanklike graanmarkkundiges aangestel deur die industrie: Naamlik dr Andre Jooste (voorsitter), dr Anton Lubbe en mnr Dawie van Straaten.
- 'n Verteenwoordiger van SAGIS, naamlik mnr Nico Hawkins.
- 'n Verteenwoordiger/s van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) en Oesskattingskomitee- (NOK) lede, naamlik me Rona Beukes en me Marda Scheepers.
- 'n Verteenwoordiger van die NLBR vir die insameling en verwerking van data en inligting en ook verantwoordelik vir verslagkommunikasie, naamlik mnr Christo Joubert.
- 'n Verteenwoordiger/s van die NLBR, verantwoordelik vir die organisasie, administrasie en sekretariële dienste aan die V&APK, naamlik me Lizette Mellet en me Rika Verwey.

## Befondsing

Daar is oorspronklik deur die lede van die Skakelingskomitee ooreengekom dat 'n versoek vir befondsing aan al die verskillende Graan & Oliesade Trusts gestuur moet word vir 50% befondsing van die inisiatief. Die NLBR het ooreengekom om die ander 50% van die inisiatief te befonds.

## Laastens

Die funksionering van die V&APK word as baie suksesvol gesien. Die beginsels van die inisiatief is eie in sy soort in die wêreld, deurdat die deelnemers inligting op 'n vrywillige basis voorsien. Die inisiatief word deur baie rolspelers op nasionale, sowel as internasionale vlak ondersteun en verwelkom.

Baie goeie terugvoer is ontvang vanaf die Agricultural Market Information System (AMIS), Famine Early Warning Systems Network (FEWS NET), the United States Department of Agriculture (USDA), the Economic Research Service (ERS), die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) en vele ander organisasies en rolspelers.

Verder beoog die NLBR ook nog om 'n graanspesialis aan te stel wat op bogenoemde inisiatief moet fokus om sodoende die volhoubaarheid van die inisiatief te verseker. ■

**Die Mededingingskommissie se opinie is beskikbaar by: *http://www.namc.co.za/pages/research--publications/publications/sup-ply--demand-estimates.***

# Syngenta SA invests in future agricultural leaders

**USMAN ALY,** for Syngenta

On 26 February this year, Syngenta unveiled a diverse group of 20 young progressive commercial growers selected from across the country to participate in the Grain Academy's leadership programme for 2014.

The academy is Syngenta SA's flagship leadership development initiative and is fully sponsored by this world-leading agri-business.

The programme seeks to equip the growers with leadership skills required to tackle the ever-rising challenges of food security and agricultural productivity. The first intake was in 2013. Developed in partnership with the University of the Free State's Business School, the programme is facilitated by Thinking Fusion, a strategic leadership development organisation.

Mr Antonie Delport (managing director of Syngenta SA) said: "It is Syngenta's firm belief that the future of agriculture should be shaped rather than left to chance. Equipping these young growers with skills to manage diversity and lead the industry is going to be vital in optimising South Africa's agricultural productivity.

"It is also heartening to see that the response to the academy has grown phenomenally in the past two years. Our dream is to see future leaders in the sector taking charge of opportunities and contributing to global food security."

The Grain Academy initiative is supported by the industry body, Grain SA, whose CEO, Mr Jannie de Villiers, views the programme as a trajectory to the country's economic competitiveness that lies in skills development.

De Villiers said: "The establishment of a Grain Academy is in line with Grain SA's strategic objectives and we're excited to partner with Syngenta in delivering on this project. The future of sustainable production lies in our competitiveness and it can only be improved with ongoing training." This programme equips growers to lead, think and behave differently in order to make a profound difference in their sphere of influence, and in the agricultural environment they operate in.

Mr Floyd Murray from African Bio-Resources, who participated in the 2013 Academy, described the programme as highly rewarding. He said: "Participating in the Grain Academy was an incredible experience of self-discovery, sharing and learning for me." ■



▲ Jannie de Villiers (CEO, Grain SA) seen here with Prof Helena van Zyl (director, Business School, UFS), Linda van der Merwe (head of Customer Marketing, Syngenta SA) and Antonie Delport (managing director, Syngenta SA) at the launch of the Grain Academy 2014 held in Bloemfontein.